# ST. ANDREW'S

**PRIMARY**

Tel.: 022 – 714 1512

Fax/Faks: 022 714 4259

e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za

**PRIMÊR**

P.O. BOX/POSBUS 54

SALDANHA

7395

## 1. INLEIDING EN DOEL

St.Andrew's Primêr ("die Skool") erken dat sosiale media waardevolle gereedskap is vir beide kommunikasie asook opvoedkundige doeleindes. Ons as skool, wil hê dat ons leerders al die voordele van sosiale media moet benut. Leerders moet ook besef dat daar sekere risiko's is wat gepaard gaan met die onverantwoordelike gebruik van sosiale media.

Die Skool respekteer die reg van vryheid tot spraak van alle leerders maar terselfder tyd rus daar 'n verpligting op die skool om sy werknemers, ouers, leerders, beeld en konfidensiële informasie te beskerm teen enige potensiële risiko's.

Met die bogenoemde in gedagte, reguleer hierdie beleid jou deelname aan sosiale media, deur jou toe te rus met die nodige riglyne en kennis wat die aanvaarbare en onaanvaarbare gebruik van sosiale media platforms uitmaak. Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat die gebruik van jou sosiale media nie die reputasie van die skool of sy belanghebbendes in oneer bring nie.

## 2. OORSIG

Hierdie beleid is van toepassing op alle leerders van hierdie Skool en op die gebruik van sosiale media in beide persoonlike hoedanigheid asook in verband/assosiasie met die skool.

## 3. DEFINISIES

**"Skool"** verwys na St.Andrew's PS.

**"Sosiale media"** verwys na enige fasiliteit wat gesprekke oor die internet in staat stel, hierdie sluit in, blogs, forums, platforms soos Facebook, Google, Instagram, Snapchat, Twitter, Tik Tok, WhatsApp, YouTube, aanlyn-speletjies (dit sluit in speletjies op X-box en PlayStation ens.) en enige ander vorm van kommunikasie, wat nou en toekomstig geklassifiseer kan word as sosiale media.

**"Volwassene"** verwys na 'n ouer, onderwyser, student onderwyser en/of voog.

**"Aanlyn"** beteken op die internet, op sosiale media toepassings.

Tel.: 022 – 714 1512
Fax/Faks: 022 714 4259
e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za

P.O. BOX/POSBUS 54
SALDANHA
7395

## 4. BELANGRIKE SOSIALE MEDIA BEGINSELS

Die volgende beginsels moet in gedagte gehou word deur leerders wanneer hulle van sosiale media gebruik maak:

4.1 Meeste individue, leerders of ouers/voogde kan verbind word aan die Skool, al is die skool nie gelys as die leerder se eie skool aanlyn nie. Byvoorbeeld, 'n leerder se vriend op sosiale media kan leerders wees van dieselfde Skool of die leerder of ouer/voog kan "getag" word in foto's by 'n Skoolgeleentheid. Dit beteken dat die sosiale media beleid en enige ander toepaslike beleid 24 uur 'n dag, 7 dae 'n week (insluitende Skoolvakansies) van toepassing is, omdat alle individue geassosieer met die skool ten alle tye dien as verteenwoordigers van die Skool.

4.2 "Digitale inhoud is gevaarlike inhoud" – sodra inhoud ontstaan in digitale formaat (bv 'n foto of uitgetikte nota) loop dit die risiko om versprei te word en deur baie mense gesien te word. Al word hierdie inhoud nie aanlyn geplaas nie, kan dit steeds versprei d.m.v. 'n skermskoot, 'n foon wat gesteel word, of 'n "Cloud" wat "gehack" word. Inhoud wat digitaal versprei word, is die gevaarlikste, omdat die inhoud uit die hande van sy skepper is en geen beheer meer oor die inhoud uitgeoefen kan word nie.

4.3 Inhoud op sosiale media word geag as "gepubliseer"– sodra een ander persoon die inhoud op sosiale media (WhatsApp is ook sosiale media) gesien het, word die inhoud as gepubliseer geag onder Suid-Afrikaanse Wetgewing. Dit beteken dat jy net so verantwoordelik is vir die inhoud as wat 'n joernalis verantwoordelik is vir iets wat op die voorblad van 'n koerant gepubliseer word.

4.4 Dit is 'n permanente rekord – alles wat jy aanlyn plaas of sê is daar om te bly, al word die inhoud verwyder kort na dit gepubliseer is. Die skermskoot verseker dat jou inhoud versprei kan word na mense wie jy nie graag wil hê moet in besit van die inhoud wees nie.

4.5 Jy is nooit anoniem aanlyn nie – al word sosiale media gebruik onder 'n skuilnaam, is jy nooit anoniem nie. Die identiteit en ligging van so 'n rekeninghouer kan opgespoor word deur middel van 'n IP-adres (Internet Protokol).

// ST. ANDREW'S

PRIMARY PRIMÊR

Tel.: 022 – 714 1512 P.O. BOX/POSBUS 54

Fax/Faks: 022 714 4259 SALDANHA

e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za 7395

4.6 Dit is nie privaat nie – daar bestaan nie iets soos "privaat" op sosiale media nie. Wees versigtig om persoonlike inligting op sosiale media te plaas wat jy nie wil hê die publiek moet sien nie. Wees veral versigtig om informasie soos volle geboortedatums en liggings te deel.

4.7 Publikasieketting – Suid-Afrikaanse Wetgewing bepaal dat, jy verantwoordelik gehou kan word vir enige inhoud wat jy "her-tweet", deel, "like" of mee geassosieer word op sosiale media, al het jy nie die inhoud geskep nie. Sodra jy bewus word van die inhoud en jy die vermoë het om jouself van die inhoud te dissosieer, bv. deur jouself te "untag" en jy doen dit nie, is jy net so skuldig soos die persoon wat die inhoud in die eerste plek op sosiale media geplaas het. Jy is ook verantwoordelik vir enige kommentaar op jou plasings op sosiale media. As jy op 'n WhatsApp-groep is, kan jy ook verantwoordelik gehou word vir alles op die groep, as jy nie jouself dissosieer met die inhoud en uiter dat dit wat nou gesê is onvanpas is of die ander opsie volg om die groep te verlaat nie

4.8 Moet nie kla oor die Skool op sosiale media nie – wanneer jy ongelukkig is oor enige saak rakende die skool, moet jy die toepaslike kanale gebruik om jou bekommernisse oor die saak uit te spreek. Om op sosiale media jou bekommernis uit te spreek teenoor die Skool, is nie die korrekte kanaal nie en is 'n oortreding van hierdie beleid.

4.9 Wanneer jy iets negatief plaas oor iemand of die Skool, maar jy noem nie die naam van die persoon of skool nie, kan jy steeds in die moeilikheid beland oor daardie plasing – Jy hoef nie 'n persoon se naam of die Skool se naam te noem wanneer jy iets negatief skryf oor iemand of die Skool nie. Vir iets om geag te word as naamskending/crimen injuria hoef jy nie daardie persoon/entiteit direk te noem nie, dit kan ook 'n indirekte verwysing wees.

4.10 Konteks en toon – wees bewus van die toon van jou plasings en kommunikasie aanlyn en onthou dat wat vir jou snaaks is, nie noodwendig vir 'n ander persoon snaaks is nie. Die konteks van 'n plasing word baie keer aanlyn verkeerd opgeneem. Emotikons kan baie keer die verkeerde boodskap oordra en verwarring veroorsaak; maak seker jy gebruik dit versigtig.

Tel.: 022 – 714 1512
Fax/Faks: 022 714 4259
e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za
P.O. BOX/POSBUS 54
SALDANHA
7395

4.11 Jy het die reg tot vryheid van spraak, maar jy kan nie ander mense se regte belemmer deur jou reg tot vryheid van spraak nie – bv. iemand anders se reg tot 'n goeie reputasie, menswaardigheid of privaatheid. Dink altyd watter impak jou plasings op die Skool, ouers, mede leerders en die algemene publiek gaan hê voordat jy dit aanlyn publiseer. Wanneer jy twyfel oor 'n plasing, vat bietjie tyd om te dink daaroor of moet dit nie eens plaas nie.

**5. TOEPASLIKE GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA**

Om te verseker dat jy sosiale media verantwoordelik en veilig kan gebruik, moet jy seker maak dat jy gehoorsaam is aan die volgende beginsels om goeie digitale burgerskap te kan beoefen:

5.1 Geen sosiale media-plasings mag deur leerders gemaak word gedurende skoolure nie.

5.2 Jy moet gehoorsaam wees aan al die bepalings en voorwaardes van alle sosiale media platforms wat jy gebruik.

5.3 Moet geen informasie plaas oor jou naam, geboortedatum, adres, telefoonnommer, of die naam, adres of telefoonnommer van jou Skool/ ouers of voog nie.

5.4 Maak seker dat jou ligging af is ten alle tye tydens die gebruik van alle sosiale media platforms sodat dit nie beskikbaar is vir enige iemand nie.

5.5 Moenie foto's van jou familie, vriende of klasmaats neem of aanstuur wat hulle in die verleentheid kan stel sonder hulle toestemming nie.

5.6 Moenie lelike of onvriendelike goed sê oor mense of lelike/kru taal gebruik aanlyn nie.

5.7 Wanneer jy inhoud van iemand anders aanlyn geplaas het en daardie persoon vra vir jou om dit te verwyder, moet jy dit onmiddellik doen.

5.8 Moenie kettingbriewe of valse nuus versprei nie; gebruik beskikbare bronne om uit te vind of dit waar is of nie.

# ST. ANDREW'S

**PRIMARY**

Tel.: 022 – 714 1512

Fax/Faks: 022 714 4259

e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za

**PRIMÊR**

P.O. BOX/POSBUS 54

SALDANHA

7395


5.9 Moenie aan iemand 'n boodskap stuur, bel of "add" aanlyn as jy nog nie daardie persoon in lewende lywe ontmoet het nie, tensy 'n volwassene sê dat dit reg is.

5.10 Baie keer gee mense voor dat hulle iemand is wie hulle nie regtig is nie aanlyn. Al sien jy dat jy wedersydse vriende het of jou vriende stel jou voor aan die persoon aanlyn, maak seker dat jy weet presies wie die persoon is.

5.11 Vertel dadelik 'n volwassene as/wanneer:

- 5.11.1 jy vreemde oproepe/ boodskappe ontvang van iemand wat jy nie ken nie;
- 5.11.2 jy teisterende, dreigende, versteurende, onwettige of onvanpaste inhoud ontvang;
- 5.11.3 jy enige inhoud ontvang (al is jy deel van die gesprek) wat jou ongemaklik of onveilig laat voel;
- 5.11.4 iemand vir jou vra om pornografiese materiaal te stuur (soos sexy of kaal foto's). In so 'n geval moet mens altyd nee sê, omdat jy ook 'n kriminele misdaad tot gevolg kan hê;
- 5.11.5 iemand vir jou pornografies material stuur. In so 'n geval moet jy dit nie vir jou vriende wys of stuur nie omdat dit 'n kriminele misdaad sal pleeg;
- 5.11.6 jy weet of sien dat mense vir ander aanlyn inhoud stuur wat jy weet nie reg is nie.

5.12 Moenie betrokke raak in argumente of baklei aanlyn nie. Wanneer iemand probeer om 'n argument met jou te begin aanlyn, moet nie met daardie persoon praat nie en vertel 'n volwassene.

5.13 Moenie iemand boelie, skaam maak, teister of driegende boodskappe stuur aanlyn nie.

5.14 As jy op 'n WhatsApp groep is waar ander mense slegte goed sê oor mekaar, moet jy die groep verlaat of iemand bewus maak van wat aangaan op die groep.

5.15 Moet nooit voorgee om iemand anders te wees aanlyn nie en moet nooit 'n valserekening aanlyn oopmaak nie.

Tel.: 022 – 714 1512

Fax/Faks: 022 714 4259

e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za

P.O. BOX/POSBUS 54

SALDANHA

7395

5.16 Moet nooit jou wagwoorde vir enige iemand gee behalwe jou ouers of voog nie.

5.17 Moet nooit iemand anders se foon gebruik of inteken in iemand anders se rekening sonder daardie persoon se toestemming nie.

5.18 Moenie iets gebruik wat jy aanlyn gekry het en dan maak asof dit joune is nie.

5.19 Moenie iets aflaai, bestel of koop aanlyn sonder om toestemming by 'n volwassene te kry nie.

5.20 Moenie verdagte skakels of aangehegde dokumente oopmaak aanlyn nie.

5.21 Jy mag net die skool wapen gebruik wanneer jy skriftelike toestemming het van SKOOLHOOF / UITVOERENDE HOOF.

5.22 Jy mag nie rekeninge in die Skool se naam skep as jy nie skriftelike toestemming het van SKOOLHOOF / UITVOERENDE HOOF.

**6. RIGLYNE VIR SKOOL WHATSAPP GROEPE [kan ook op alle Skool WhatsApp groepe geplaas word]**

Hierdie groepe word gestig vir die doel om kommunikasie te verskaf vir sake in skool verband. Die skool sien offisiële WhatsApp-groepe as: Waar 'n personeellid deel is van 'n groep of die groep gestig is deur 'n personeellid van skool.

Hierdie sluit in offisiële skool groepe asook groepe gestig deur leerders vir die doel om skoolsake te bespreek.

Die volgende riglyne moet gevolg word wanneer daar aan enige kommunikasie in 'n Groep deelgeneem word.

6.1 Geen "na-ure" gebruik van die Groepe nie - Kommunikasie op die groepe moet plaasvind tussen 6vm en 8nm, tensy dit 'n noodgeval is.

6.2 Slegs skoolbesigheid – Alle inhoud moet binne skoolverband wees, Geen grappies, "memes" of nuutste nuus mag op die groepe geplaas word nie.

Tel.: 022 – 714 1512
Fax/Faks: 022 714 4259
e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za

P.O. BOX/POSBUS 54
SALDANHA
7395

6.3 Slegs positiewe inhoud – Hierdie groepe is nie die korrekte of gepaste forum om beprekings te hou oor probleme met die skool, sy onderwysers en leerders nie. As daar 'n probleem is, moet die regte kanale gevolg word wat deur die skool uitgelê is.

6.4 Antwoord net terug wanneer dit nodig is – Wanneer 'n boodskap nie 'n antwoord vereis nie, moet jy nie antwoord nie. Die hoeveelheid boodskappe wat daagliks op so 'n groep gestuur word is partykeer oorweldigend.

6.5 Langdradige gesprekke op 'n Groep waarby net 'n paar groepslede betrokke is, moet verwyder word.

6.6 Respekteer die onderwysers/werknemers se tyd - ons onderwysers/ werknemers is altyd bereid om te help, maar hulle waardeer ook n breuk. Moet asb nie die onderwysers/werknemers kontak buite skoolure nie.

Wanneer jy twyfel of jy die inhoud aanlyn moet plaas, onthou die volgende:

- Die Billboard Toets: As jy nie wil hê dat die foto/boodskap/video op 'n groot billboard langs die pad moet verskyn met 'n groot foto van jou, jou naam en van en die skool waarnatoe jy gaan nie, moet nie dat die inhoud bestaan op jou foon nie en moet dit nie aanlyn plaas nie.
- Die 6 P's: As jy nie wil hê een van die volgende persone moet fotos/boodskappe/videos sien op jou foon nie, moet dit nie aanlyn plaas nie en moet ook nie dat die inhoud ontstaan op jou foon nie:
  - The Police
  - Your Parents
  - A Paedophile
  - A Prospective university admissions officer/ employer
  - Your Principal
  - A Phisher (someone who is interested in getting your personal information)

# ST. ANDREW'S

**PRIMARY** **PRIMÊR**

**Tel.:** 022 – 714 1512 **P.O. BOX/POSBUS 54**

**Fax/Faks:** 022 714 4259 **SALDANHA**

**e-mail/e-pos:** standrews.prim@wcgschools.gov.za 7395


## 7. VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE WERKNEMER

(a) Die werknemer moet nooit aanlyn kommunikasie op 'n individuele basis met 'n leerder hê nie, maar altyd in groepsverband, vir opvoedkundige doeleindes en om inligting te deel.

(b) Die werknemer moet nooit leerders op sosiale media nooi of volg nie, behalwe op webwerwe wat spesifiek vir professionele doeleindes in 'n groepopset ontwerp is.

## 8. VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OPVOEDER

Die opvoeder moet:

(a) leerders lei om te verstaan dat wat in 'n klaskamer toelaatbaar is, aanlyn aanvaarbaar is en enigiets wat in 'n klaskamer ontoelaatbaar is, ook aanlyn onaanvaarbaar is;

(b) bewus wees dat aanlyn aktiwiteite 'n uitwerking mag hê op hul persoonlike reputasie, beeld en vermoë om met kollegas en leerders te verkeer;

(c) professioneel en hoflik wees wanneer hulle aanlyn met ander partye kommunikeer;

(d) die behoefte aan diskresie en vertroulikheid respekteer met betrekking tot persoonlike inligting en ander sensitiewe inligting wat dalk nie vir openbare bespreking gepas is nie;

(e) binne redelike perke poog om neutraal, objektief en professioneel te bly oor kwessies wat aangebied en bespreek word op opvoedkundige platforms of webwerwe wat vir opvoedkundige doeleindes bedoel is; en

(f) enige materiaal wat as aanstootlik, onvanpas, ontoepaslik, onhoflik of andersins hinderlik vir ander gebruikers is, oordeelkundig verwyder.

**ST. ANDREW'S**

**PRIMARY** **PRIMÊR**

Tel.: 022 – 714 1512 P.O. BOX/POSBUS 54

Fax/Faks: 022 714 4259 SALDANHA

e-mail/e-pos: standrews.prim@wcgschools.gov.za 7395

**9. NIENAKOMING**

Nienakoming deur leerders en werknemers moet ingevolge die skool se Gedragskode vir leerders, die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) en die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) hanteer word.

**Implementeringsdatum**

[............................]

........................................ ............................................

**Voorsitter: Beheerliggaam** **Prinsipaal**

........................................

**Sekretaris van die Beheerliggaam**